Dinsdag 25 Augustus
Skrifgedeelte: Romeine 12:9-21
Fokusgedeelte: Romeine 12:12
Lankmoedig in gebed

As uitverkorenes is ons bevoorreg om God te ken, om Hom te aanbid. Satan is listig. Hy wil ons ingesteldheid en houding teenoor God verdraai. Ons gebede verflou …

Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheidslewe (HK Sondag 45 v/a 116). Lankmoedig moet ons God met hartlike versugtinge, sonder ophou, bid en dank. Gebed is ons wapen teen mismoedigheid wanneer ons swaar beproef word. Geduld/lankmoedigheid word deur gebed aan ons meegedeel. Die Here luister na ons smeekstem (Ps. 28:6).

Hoe pessimisties en droewig sou beproewing, onderdrukking en vervolging sonder die toevlug van die lewende hoop wees (1 Pet. 1:3, 4). Al die moeite, teenkanting en verdrukking dra ons in gebed aan God op. Lankmoedigheid in gebed rig ons gedagtes en emosies op ons blydskap in die Here (Fil. 4:4 ev). Deur gebed en smeking en met danksegging maak ons alles aan Hom bekend. Deur gebed word ons opgehef om nie deur tydelike omstandighede oorweldig te word nie. Deur sy Gees bewerk Hy vrede in ons harte. Hy vestig ons gedagtes op die lewende hoop op die heerlikheid as erfenis.

Lankmoedigheid in gebed verseker ons dat die lyding wat ons nou verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie (Rom. 8:18). Ons weet vir seker dat Hy altyd welwillend en vol liefde teenwoordig is. Hy werk alles vir ons ten goede mee.

Druk en swaarky is deel van ons aardse lewe. Soms kry dit ons onder. Bid dadelik – sonder ophou. Vertrou, sodat jy nie halfhartig en gebroke deur ongunstige omstandighede oorweldig word nie. Dra jou vrese, twyfel en kleingeloof aan Hom op.

Solank ons in gebed volhard, sal ons nie deur opstand, neerslagtigheid of moedeloosheid oorweldig word nie. Ons kan in verdrukking, wat ons tans beleef, vasstaan. Ons geestesoë is gerig op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van ons geloof (Heb. 12:1, 2).

*Sing: Psalm 71-1:1–3*

*Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*